HUISWERKBELEID
GRAAD 5

- Bestee ongeveer ‘n halfuur aan skriftelike tuiswerk en nog ‘n halfuur aan tafels, spelling en lees.
- Die leerder wat werk mis weens laatkommery, afwesigheid van skool of musiek, moet die werk tuis inhaal.
- Huiswerk is nie veronderstel om langer as ‘n uur te duur nie. Kontak asseblief die klasonderwyser/es as dit u kind heelwat langer neem om sy/haar tuiswerk te voltooi.
- Die leerders sal ten minste 10 dae voor die tyd weet van ‘n “Oral” of Mondeling.
- Die matrikse vir assesserings sal saam met die taak of opdrag uitgedeel word.
- Alle navorsing moet in die biblioteek of tuis gedoen word. Geen take wat betrekking het op die navorsing mag tuis voltooi word nie. Slegs met toestemming van die onderwyser, onder uitsonderlike omstandighede, sal ‘n uitsondering op die reël toegelaat word.
- Die datums vir assesserings sal op die kwartaal beplanner verskyn. Dit is nodig dat die leerders ekstra tyd inruim vir die voorbereiding van assesserings.
- Leerders moet voorbereid skool toe kom. Beplanningsboeke, kunshemde, LO-skoene, sportbenodigdhede en skryfbehoeftes moet saans gepak word.
- Die huiswerkboek moet daagliks deur ‘n ouer of voog geteken word. ‘n Kort nota moet geskryf word as die tuiswerk onvoltooid is of as die boeke by die skool vergeet gebly het.
- Korrespondensie tussen die ouer en die onderwyser kan deur middel van ‘n briefie in die tuiswerkboek of per e-pos gedoen word. Indien vertroulik, kan dit per e-pos gedoen word of ‘n briefie kan in ‘n toegeplakte koevert gestuur word. Merk die koevert: AANDAG ONDERWYSER, en skryf ‘n kort boodskappie in die tuiswerkboek dat ‘n briefie skool toe gestuur is.